OUDSTE GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN SINT FILIP NERI *deur KARDINAAL CESARE BARONIUS C.O.*

Kyk neer vanuit die hemel, heilige Vader Filip,
vanaf die hoogte van daardie berg na die nederigheid van hierdie aardse dal;
vanuit u hawe van stilte en rus na dié onstuimige see.
En nou dat die duisternis van hierdie wêreld nie meer u minsame oë verhinder om duidelik alle dinge raak te sien nie,
kyk neer en kom besoek, o vlytige bewaker, dié wingerd wat u geplant het en dit met soveel arbeid en sorg en in soveel gevaar.
Tot u kom ons om hulp, by u soek ons bystand;
aan u gee ons onsself sonder voorbehoud;
u is ons beskermer en verdediger.
Maak ons verlossing u taak en behoed al u volgelinge;
u is ons leidsman en u bewaar ons teen die aanslae van die duiwel.
Aan u, die sagmoedigste van alle leiers, behoort ons lewensstuur,
hou hierdie bootjie van u op koers,
en beskerm ons vanuit u hoogte teen die rotse van bose begeertes.
Laat ons eendag met u, as ons stuurman, die hawe van ewige saligheid veilig binnevaar.
Dit vra ek op voorspraak van die heilige Filip Neri, deur Jesus Christus, onse Here.
Hy wat met God die Vader en die Heilige Gees leef en heers, vir ewig en altyd. Amen